# SASTRI KOLLEGE
# NOVEMBER-EKSAMEN 2018
# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
# GRAAD 8
# VRAESTEL TWEE-LETTERKUNDE

AEQUAM SERVARE MENTEM

Eksaminatrise: Mej. P. Govender

Moderatrise: Mev. V. Mathura

Punte: 50

Tydsduur: 1 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye

## INSTRUKSIES

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
2. Beantwoord alles (answer everything) in die vraestel.
3. Gebruik dieselfde nommers (use the same numbers).
4. Skryf netjies en leesbaar (Write neatly and legibly).

| | | |
|---|---|---|
| Afdeling A | Poësie | 20 |
| Afdeling B | Drama | 15 |
| Afdeling C | Kort verhaal | 15 |
| TOTAAL | | 50 |

b.o.Bl.2

## AFDELING A - POëSIE [20]

### VRAAG EEN

LEES DIE GEDIG 'DIE ROOMYS' DEUR EN BEANTWOORD DIE VRAE

DIE ROOMYS

Mbulelo Mzimba speel by die huis
Toe Ouma roep uit die kombuis:
Kom haal gou-gou tien rand by my
Om iets by die winkel te gaan kry.

Wat moet ek by Sam gaan koop?
Twaalf eiers en meel en goue stroop
En luister nou na my, my skat
Geen afdwaal of kwaad doen langs die pad!

Op pad kom Jola aangeloop:
Sal jy vir ons twee roomys koop?
Ek sal al jou somme doen, sê hy
As ek net een ou roomysie kan kry.

Wanneer Mbulelo by Sam se winkel kom
Het hy nog net vyf rand by hom
Hy't net genoeg om meel te koop
Maar nie die eiers of die goue stroop.

Toe hy later weer by Ouma kom
Het hy toe net die meel by hom
Ag, liewe Ouma, hier's die meel
ń Dief het die ander geld gesteel.

Maar Ouma glo die storie nie
En raai-raai ń bietjie hoekom nie?
Toe Mbulelo in die spieël gaan kyk
Sien hy hoe ń snor van roomys lyk!

VRAE:

1.1 Waar wil Ouma vir Mbulelo stuur? (1)

b.o.Bl.3

1.2 Jola is die winkelier se naam.

1.2.1 Sê **Ja** of **Nee**. (1)

1.2.2 Gee ń rede vir jou antwoord. (1)

1.3 Kies die korrekte antwoord
"Geen afdwaal of kwaad doen langs die pad" is ń voorbeeld van (alliterasie/assonansie) . (1)

1.4 Pas **Kolom A** met **Kolom B**. Skryf net die nommer en letter neer. (4)

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.4.1 R5 | a) Om die pad nie te volg nie |
| 1.4.2 Somme | b) Die geld wat Ouma aan Mbulelo gegee het |
| 1.4.3 Afdwaal | c) Wiskunde tuiswerk |
| 1.4.4 R10 | d) Die geld wat Mbulelo oor het nadat hy roomys gekoop het. |

1.5 Sê of die volgende stellings **WAAR/ONWAAR** is. Haal ń versreël uit die stuk aan om jou antwoord te motiveer.

1.5.1 Ouma het Mbulelo geglo (1)

1.5.2 Mbulelo moet tien eiers, meel en goue stroop koop. (1)

**[10]**

## VRAAG TWEE

LEES DIE GEDIG ' EK IS DERTIEN' DEUR EN BEANTWOORD DIE VRAE

EK IS DERTIEN -BETH MURRAY

Dertien
is misluk en eensaam en lomp
is oorgevoelig en afgestomp
is verlang na ń held wat sesuur kom klop
en sê ek laai jou nou-nou op
vir vanaand se fliek en pizzas eet
(al voel ek verleë en natgesweet)
ek droom my lyf is voorbladmooi
ek wens ek was Neil Sparks se nooi

Maar
so what ek koop maar warm chips
taaitoffies en coke en chocolate dips
ek skryf op my hand
    You know how I feel
    Debra is in love with Neil

| |
|---|
| en ek tjank oor die maan wat so sag<br>en so ver soos ń droom lyk vannag<br>hier waar ek voor my venster kneel<br>en bid: ag Here ag bless vir Neil |

**VRAE:**

2.1 Wat is die spreker se naam? (1)

2.2 Noem TWEE dinge wat sy koop om te eet. (2)

2.3 Pas **Kolom A** met **Kolom B**. Skryf net die nommer en die korrekte letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.3.1 Eensaam | a) onsuksesvol |
| 2.3.2 oorgevoelig | b) om baie te huil |
| 2.3.3 Misluk | c) alleen |
| 2.3.4 tjank | d) sensitief |

(4)

2.4 Skryf **een woord** wat vir ons sê dat daar ń wending in die gedig is. (1)

2.5 Sê of die volgende stellings **WAAR/ONWAAR** is. Haal ń versreël uit die stuk aan om jou antwoord te motiveer

2.5.1 Neil Sparks is nie die spreker se kerel nie. (1)

2.5.2 Die spreker voel nie goed oor haar lyf nie. (1)

**[10]**

# AFDELING B - DRAMA [10]

## VRAAG DRIE - OU GROOTOOR

LEES DIE TEKSTE VAN 'OU GROOTOOR' DEUR EN BEANTWOORD DIE VRAE

3.1

| | |
|---|---|
| Robert se ma: | Wat is verkeerd? Het jy ń pakslae gekry? |
| Robert: | Nee, Ma. Dis weer my ore. Almal spot altyd met my groot ore. Hoekom het ek ook nie mooi klein oortjies soos ander kinders nie, Ma? |
| Robert se ma: | My liewe kindjie, wat sê jy? Ons mag nie kla oor goed soos ore nie! Ons moet net bly wees ons kan wel hoor! |
| Robert: | Ag, Ma, almal lag vir my ore. Niemand anders het sulke groot ore soos ek nie. |
| Robert se ma: | Dis baie lelik van hulle, Jy moet maak of jy hulle nie hoor nie. |
| Robert: | Ek kan nie Ma! Hulle hou aan en aan. Eendag gaan ek nog... |
| Robert se ma: | Nog wat doen, Robert? |
| Robert: | Eendag gaan ek na die groot hospitaal in die stad toe. Ek gaan my ore laat afsny en ander ore laat aansit. Mooi, klein oortjies soos Anna en Steven s'n. Ma sal net sien. |
| Robert se ma: | Ai, my kind. En waar gaan jy die geld kry vir die snaakse operasie? |
| Robert: | Ek gaan die geld verdien. |

VRAE:

3.1.1 a) Wat is die hoofkarakter se naam? (1)

b) Wat is die hoofkarakter se bynaam? (1)

3.1.2 Skryf **EEN** woord neer wat dieselfde beteken as 'terg' (1)

3.1.3 Hoekom is Robert so teleurgesteld? (1)

3.1.4 Waaroor sê Robert se ma moet ons bly wees? (1)

3.1.5 Sê of die volgende stellings **WAAR/ONWAAR** is. Gee ń rede uit die stuk.

Robert het die geld vir die operasie. (2)

3.2

TONEEL 3 – Die volgende dag staan Mnr Segale voor die klas

| | |
|---|---|
| Mnr Segale; | Kinders, vandag wil ek eerste van alles vir Robert dankie sê. Robert het gister twee van sy vriende se lewens gered. Julle ken seker almal die storie. |
| Kinders: | Ja, Ja, Meneer... ons het gehoor. |
| Mnr Segale: | Kom ons klap hande vir Robert. Hy is vandag ons groot held. |
| Kinders: | (klap hande en fluit) Robert! Robert! Robert! |
| Mnr Segale: | Wil jy vir ons iets sê, Robert? |
| Robert: | Nee... nie eintlik nie Meneer. Ek... ek is maar net bly my groot ore kan so goed hoor. Nou... nou hoef ek hulle miskien nie regtig te laat afsny nie. |
| Mnr Segale: | Laat afsny? Wou jy hulle dan laat afnsy? |
| Robert: | Ja, Meneer. Nee... nee, nie nou meer nie. Meneer. Hulle is maar goed. Die twee pierings van my sal maar nou moet bly. Ek dink ek sal maar liewer vir my ń nuwe fiets met die geld koop. |

3.2.1 Hoe het Robert sy vriende se lewens gered het? (2)

3.2.2 Wat noem Robert sy eie ore aan die einde van die teks? (1)

3.2.3 Robert wil nog steeds sy ore afsny
Sê JA/NEE. Motiveer jou antwoord deur ń sin aan te haal. (2)

3.2.4 Sê of die volgende stellings **WAAR/ONWAAR** is. Haal uit die stuk aan om jou antwoord te motiveer.

a) Robert wil ń nuwe sokkerbal koop. (2)

b) Die kinders is beïndruk met Robert. (2)

**[15]**

# AFDELING C- KORTVERHALE [15]

## VRAAG VIER

LEES DIE TEKSTE VAN 'JABULANI EN DIE LEEU' DEUR EN BEANTWOORD DIE VRAE

4.1

Die leeu kom uit en strek sy ledemate. Hy gaap en sê: "Kom saam. Ek wil eers gaan water drink by die rivier voor ek jou opvreet."
"Maar jy het dan belowe jy sal nie!" roep die seun bang uit.
"Beloftes maak nie saak as jy so honger soos ek is nie," grom die leeu en wys sy geel, wrede slagtande.

"Asseblief tog," smeek Jabulani, "kom ons vra eers al die ander diere of dit reg is dat jy jou belofte sommer so breek. En laat hulle dan besluit.
"Nou maar goed dan," stem die leeu in en die twee stap af rivier toe. Daar sien hulle ń donkie.

"Vriend," sê Jabulani, "ons wil jou mening hê. Ek en Koning Leeu stem nie saam nie. Ek het hom in ń vanghok gekry. Hy het my gesmeek om hom vry te laat. Hy het my belowe dat hy my nie sal opvreet nie. Maar nou wil hy sy belofte breek. Dink jy dit is regverdig?"

"Ja, dit is heeltemal reg. Hy moet jou opvreet, want julle mense het geen simpatie vir ons arme diere nie. Toe ek jonk was, was my baas baie lief vir my. Ek het al sy swaar vragte op my rug gedra. Noudat ek oud is, het hy my nie meer nodig nie. Hy het my weggejaag om dood te gaan van die honger. Ek weer nie waarom ek vir jou jammer moet voel nie. Nee, Koning Leeu moet jou opvreet."

VRAE:

4.1.1 Hoe het Jabulani vir die leeu gehelp? (2)

4.1.2 Watter belofte het die leeu aan Jabulani gemaak? (2)

4.1.3 Watter dier ontmoet Jabulani en die leeu by die rivier? (1)

4.1.4 Sê Ja/Nee. Gee ń rede vir jou antwoord.

a) Die Donkie het saam met die leeu saamgestem. (2)

**4.2**

Hy vertel die hele storie weer van hoe hy die leeu vrygelaat het en vra of dit reg is dat die leeu hom nou wil doodmaak.

Die jakkals dink eers ń paar oomblikke en skud dan sy kop. Hy sê vir hulle dat dit baie moeilik is om te verstaan hoe die leeu in die eerste plek in die hok beland het. Hy stel voor dat hulle al drie weer na die hok loop sodat hy presies kan sien wat hulle bedoel.

"Goed," sê die jakkals, "waar was jy presies toe jy om hulp geroep het? Was jy in die hok?"
"Ja," antwoord die leeu.
"Wys my hoe jy ingekom het," vra die jakkals.
Die leeu stap in die hok.
"Was die deur oop of was dit toe," vra die jakkals.
"Natuurlik was dit toe," grom die leeu.
"Goed, maak die deur toe dan toe, Jabulani, sodat ek presies kan vertsaan," sê die jakkals.

Die seun verstaan onmiddellik wat die jakkals probeer doen en stamp die deur toe.
"Totsiens, ou domoor," lag die jakkals, " jy kan daar binne bly tot jy dood is. Dis baie verkeerd om die goeie met kwaad te vergoed, al is jy hoe honger."

VRAE:

4.2.1 Wat stel die jakkals voor sodat hy beter kan verstaan? (1)

4.2.2 Watter bynaam gee jakkals vir die leeu. (1)

4.2.3 Sê of die volgende stellings **WAAR/ONWAAR** is. Gee ń rede uit die stuk.
- a) Jakkals het Jabulani se lewe gered. (2)
- b) Dit het ń rukkie gevat voordat Jabulani geweet het wat jakkals doen. (2)

4.2.4 Watter les leer ons uit die verhaal? (2)

**[15]**

**GROOT TOTAAL: 50**